Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Leraars, kerkkantore en kerkrade

1 Junie 2020

Liewe vriende,

VLAK 3 VAN INPERKING: BERADING AS NOODSAAKLIKE DIENS, BYEENKOMSTE IN KERKGEBOUE EN KERKKANTORE OPEN

Ek vertrou dit gaan nog goed met elkeen van julle en julle families. Terwyl die ekonomie en opvoedkundige instansies binnekort weer open, bring dit heelwat spanning mee. Ons besef nou Covid-19 gaan nie vinnig verdwyn nie, hef aan lê voor, en elkeen van ons moet verantwoordelikheid neem vir ons eie gesondheid en diegene naby aan ons.

Dit verg nuwe kennis, nuwe gedagtes, nuwe houdings en gesindhede, nuwe vaardighede en nuwe gewoontes van ons. Gedragsverandering is noodsaaklik. Ons moet die gevaar van oordrag baie ernstig neem en goed bestuur. Ons moet ook voortgaan met ons lewens.

Mag die Here elkeen van ons die moed en durf gee om die situasie te hanteer. Jesus se woorde in Matteus 10:16 kom by mens op: "Wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe."

Hierdie skrywe handel oor drie sake wat onder Vlak 3 van inperking ons aandag verg:

- Korrekte bronne vir ons aksies
- Tree op as 'n leergemeenskap
- Kerkkantore wat open
- Godsdienstige berading as noodsaaklike diens
- Beperkte byeenkomste in kerkgeboue

1. KORREKTE BRONNE VIR ONS AKSIES

Die regte gesindheid is nié om slim planne te probeer maak om Covid-19 regulasies te probeer systap nie. Ons moet uitdrukking gee aan die bedoeling van die regulasies, naamlik om die verspreiding van die koronavirus te beperk terwyl ons 'n reeks bedrywighede weer hervat.

Wees versigtig om nie in terme van interpretasies uit koerantberigte of onderhoude met kenners (en vermeende kenners) op radio of TV planne te maak nie. Selfs ministers maak foute. Die korrekte bronne is daarom noodsaaklik. Die verskillende uitgawes van die staatskoerant met regulasies is ons bron. Onthou

ook dat die regulasies in die staatskoerant nie bloot riglyne is nie: die oortreding daarvan is strafbaar en kan enigeen van ons met 'n kriminele rekord laat. Onkunde is nie 'n regsgeldige verweer nie.

In onderstaande skrywe verwys ek telkens na die toepaslike regulasies. Lees gerus die staatskoerante en bronne self. Bly met my in gesprek. Ek ontvang graag wenke, oplossings, vrae en insigte wat julle verwerf.

Eers 'n inleiding oor leierskap.

2. TREE OP AS 'N LEERGEMEENSKAP

In 'n tyd soos hierdie het mens dikwels 'n behoefte aan sterk leierskap. Ook in ons gemeentes. 'n Element daarvan is noodsaaklik. Iemand wat vasvat, voorvat en toesien dat die regte standaarde gehandhaaf word.

Die beste benadering is om te aanvaar dat ons almal nuwelinge in 'n nuwe wêreld van Koronaverspreiding is. Ons moet mekaar se hande vat en saam leer oor die pad vorentoe. Ons het mekaar nodig. Dit geld ook vir gemeenskap wat nou in terme van kerklike berading en byeenkomste ons weg vorentoe moet vind. Ons leer deur te beplan, dan te doen en daarna te evalueer, sodat ons volgende keer beter kan doen.

Die vier vrae wat 'n leergemeenskap elke keer vra nadat iets gedoen is (soos 'n beperkte erediens):

1. Wat het gebeur – hoe het ons handeling verloop?
2. Waarom het dit gebeur?
3. Wat kan ons leer (veral as dinge nie na wense verloop het nie)?
4. Hoe kan ons die nuwe wat ons geleer het deel van ons volgende aksie maak?

'n Leergemeenskap het dus evaluerende gesprek nodig, "debriefing". Dit is gesprek waarin die leiers, personeel en deelnemers bydraes maak en die bydraes laat opneem in 'n ontplooiende nuwe praktyk wat ons almal veilig laat voel. Leergemeenskap leef in die ritme van doen ... nadink ... doen anders ... nadink ... doen anders. Dit staan as die model van aksie-refleksie bekend.

Ons het hierdie ingesteldheid van nuwelinge wat saam leer nou meer nodig as ooit.

3. ROL VAN DIE KERKRAAD en COVID-19 AMPTENAAR

Kerkrade word weereens daarop gewys om met absolute omsigtigheid en verantwoordelikheid op te tree.

Die kerkraad is die werkgewer, en die kerkraad tree ook namens die gemeente as regspersoon op. Soos die Kerkorde bepaal: *'n Gemeente is in gemeenteverband 'n regspersoon en die kerkraad, of ander gevolmagtigde(s) deur die kerkraad aangewys, is sy orgaan.*

Elke onderneming moet 'n Covid-19 basiese bedryfsplan hê. Vir klein besighede met minder as 10 werkers hoef dit baie basies te wees. Kyk op bl. 38, Anneks E, van SK 43258 .

Die kerkraad moet 'n Covid-19 amptenaar aanwys om die implementering van alle Covid-19 maatreëls te oorsien en seker te maak alle vereistes word nagekom.

4. KERKKANTORE KAN OPEN

Die kerkkantoor kan op Vlak 3 open om dienste te lewer. Waar moontlik, moet personeel egter steeds van die huis af werk, spesifiek persone ouer as 60. Indien kerkkantoorpersoneel in hierdie ouderdomsgroep val kan 'n gemengde model dalk gevolg word met werk wat hoofsaaklik van die huis af gedoen word, maar sekere noodsaaklike take in die kerkkantoor. Dit is ook moontlik om die kantoor te open, maar om toegang tot die kantoor sover moontlik te beperk.

Die veiligheid van werkplekke word gereël deur die bepalings wat die minister van arbeid, Thulas Nxesi, in Staatskoerant 43257 Volume 658 op 29 April 2020 aangekondig het. Lees dit gerus deur.

Van die belangriker bepalings is:

- Die nagaan van simptome voordat 'n personeellid vir diens aanmeld (*symptom screening*, par 21)
- Die verskaffing van toepaslike handreinigers en ander veiligheidstoerusting (par 25) – handreiniger vir beide die personeellid en lede van die publiek met wie die persoon werk
- Die reiniging van alle werksoppervlakke voor die dag begin, tydens die werksdag en aan die einde daarvan, tesame met toilette en gemeenskaplike areas (par 28)
- Die wyse waarop met die publiek in interaksie getree word, moet goed bestuur word (par 37), met gesigsmasker en skerms tussen die werknemer en die lede van die publiek
- Voldoende ventilasie (par 38)
- Par 40 gee 'n opsomming vir **werkplekke met minder as 10 personeellede**, waaronder kerkkantore ressorteer.

Skoonmaakpersoneel mag inkom om die kerkgebou en kerkkantoor skoon te maak en moet dan weer huiswaarts keer.

Soos reeds gesê: Daar is belangrike funksies waarvoor die kerkkantoor vir persone van buite oop moet wees, soos die ontvangs van dankofferinbetalings. Bogenoemde maatreëls (lees die staatskoerant self) moet met wysheid toegepas word.

'n Goeie reëling is om toegang tot die kerkkantoor te beperk. Dankoffers kan by die deur op 'n tafel of in 'n houer geplaas kan word. Die kwitansie kan voltooi word en weer op die tafeltjie by die deur geplaas word. Die besoeker betree dus nie die kantoor self nie, en raak ook nie aan 'n deurhandvatsel nie.

Onthou om saam te gesels en saam te leer oor die funksionering van die kerkkantoor. Julle moet volhoubare aksie neem, want Covid-19 gaan nog 'n ruk met ons wees.

Skryf 'n basiese raamwerkdokument vir die funksionering van die kerkkantoor en kommunikeer die reëlings met alle gemeentelede. Dit sluit die werksure waarop die kerkkantoor oop sal wees in, asook reëlings om dankoffers in te betaal.

5. BERADING ("COUNSELLING") AS NOODSAAKLIKE DIENS

Toe sy die spesiale regulasies vir Vlak 3 op 28 Mei 2020 aangekondig het, het dr. Nkosazana Dlamini Zuma, minister van Samewerkende regering en tradisionele sake, die volgende gesê:

> We have also widely consulted with the religious sector and are now in a position to categorise religious counselling as an essential service. This will enable the millions who have been affected by

the virus, to receive this much needed service, since the majority cannot afford professional attention of this nature.

Hierdie reëling word vervat in die skedule vir Vlak 3 waar in kategorie P5 van die "risk adjusted strategy" vir "counselling" voorsiening gemaak word (https://sacoronavirus.co.za/covid-19-risk-adjusted-strategy/).

Ons kan dus aanvaar dat alle predikante van die NG Kerk wat by die Algemene Bedieningsraad (ABR) geregistreer is en in die kerkjaarboek verskyn met 'n ABR-registrasienommer noodsaaklike dienste kan verrig.

Die definisie van 'n noodsaaklike diens is dat die nood van die persoon aan wie die diens gelewer word, die noodsaaklikheid daarvan bepaal. Dit beteken dat enige kwint of kwelling nie per definisie noodsaaklik is nie. Kontak moet met oorleg geskied en 'n volle besoekprogram kan nie hervat word nie. Ons praat van werklik noodsaaklike pastoraat of berading.

Aangesien afsonderlike regulasies nie aangekondig is nie, geld die standaardregulasies vir noodsaaklike dienste. Ons beveel aan dat werkgewers (bv. die voorsitter van die kerkraad of kommissie vir diensverhoudinge) 'n toepaslike permit aan die leraar(s) verskaf. Dit sal voldoende en wettig wees. Klik hier vir so 'n **permit** – PDF / MS-Word.

Berading vind in 'n geskikte ruimte plaas, verkieslik waar die kerk in beheer is sodat 'n veilige ruimte geskep kan word. Moontlik kan 'n spreekkamer by die kerk ingerig word. 'n Groter ruimte is beter as 'n kleiner ruimte. Die gewone veiligheidsmaatreëls, soos ontsmetting van oppervlaktes, handvatsels e.s.m. voor en na sessies, is nodig. Goeie ventilasie is belangrik. Persone ontvang handreiniger voor hulle die perseel betree, en moet vir Covid-19 simptome en blootstelling geëvalueer word ("screening").

Elektroniese middele en telefoniese berading is – waar moontlik – steeds aan te beveel.

Tuisbesoeke kan ook in werklik noodsaaklike gevalle gebring word. Hier moet vooraf telefonies verseker word dat niemand in die huishouding blootstelling gehad het aan 'n persoon wat positief vir Covid-19 getoets het, of self positief is nie. 'n Tuisbesoek kan net plaasvind as dit vooraf gereël is en sekerheid oor die Covid-19-veiligheid daarvan bestaan.

Waar behoefte aan berading by persone in instellings bestaan, soos tuistes vir bejaardes, hospitale en jeugsentrums, is die leraar onderhewig aan die reëlings of opdragte van die persoon in beheer van die fasiliteit. Besoeke en berading kan slegs met eksplisiete vergunning van die beheerstruktuur geneem word. Toestemming is nie vanselfsprekend nie en leraars moet dit respekteer.

Leraars moet in hierdie gevalle maskers dra en handreiniger saamneem sodat hande voor en na die tyd ontsmet kan word.

6. EREDIENSTE ONDER VLAK 3 VAN INPERKING

Die SA Raad van Kerke vra dat gemeentes behoorlik voorberei indien besluit word om eredienste in die kerkgebou te vier. Kerkrade besluit self of hul eredienste onder Vlak 3 wil hou. Daar is geen verwagting of opdrag van die kerkverband om eredienste te hou nie.

Sommige gemeentes voel sterk 'n drang om met eredienste te begin. Dit geld veral kleiner landelike gemeentes waar die behoefte by lidmate sterk is. Ander gemeentes neem 'n wag en leer houding in. Hulle gaan 'n paar weke lank leer uit ander se ervaring voordat hulle eredienste begin implementeer.

Die regulasies self sê: "Religious organisations should, where possible, convene services through virtual platforms (online and social media)" (par 3(2) op bl. 4).

Sommige gemeentes benut die vergunning om eredienste lewendig vanuit die kerkgebou op Facebook, Youtube of Instagram te stroom eerder as om 'n erediens te hou. Basies dieselfde reëlings geld dan soos hieronder uiteengesit, met die verskil dat heelwat minder persone betrokke is.

Wat in die res van hierdie paragraaf volg moet as informasie gelees word om eredienste verantwoordelik aan te bied. Onderstaande vervang nie die regulasies soos in die Staatskoerant nr. 43365 gepubliseer nie.

6.1 Benodigdhede

Die volgende is nodig om 'n erediens onder Vlak 3 van inperking te hou:

- 'n Kerkgebou waar sitplekke gemerk is sodat persone nie nader as 1.5 meter (liefs 2 meter) van mekaar kan sit nie
- 'n Span wat die kerkgebou, voorwerpe wat in die diens gebruik word (mikrofone, klankbank e.s.m.), toilette, ingangsportale, deurhandvatsels e.s.m. ontsmet)
- 'n Digitale infrarooi termometer waarmee erediensgangers se temperatuur gemeet kan word sonder om aanraking te noodsaak
- 'n Vormpie waarop persone kan verklaar dat hulle nie enige Covid-19 simptome het nie, en waarop hul temperatuur aangeteken word, tesame met sekere biografiese besonderhede soos in die regulasies bepaal (volle name, woonadres, selnommer, telefoonnommer tuis, e-pos adres, kontakbesonderhede van persone wat in dieselfde woning bly as die kerkganger). Hier is 'n voorbeeld – MS Word – PDF.
- 'n Afgesonderde ruimte waar iemand wat tydens die erediens simptome toon afgesonder kan word
- Handreiniger met ten minste 70% alkoholinhoud
- Waar penne gedeel word, moet dit tussen gebruik ontsmet word
- 'n Span wat die temperatuur en antwoorde van elke persoon kontroleer voordat die persoon die erediensruimte mag betree.
- 'n Protokol wat prakties uitspel hoe die toegang tot die erediens bestuur word en wat sal verseker dat nie meer as 50 persone die plek van aanbidding betree nie.

6.2 Prosedure

Die beplanning van die erediensgebeure kan in verskillende fases ingedeel word. Die volgende opmerkings is bloot illustratief maar kan gebruik word om julle eie protokol op te stel en in te oefen:

- **Opleiding van die spanne wat erediensgebeure bestuur**
  Twee spanne moet saamgestel word wat
  (a) die kerkgebou voor en na dienste kan skoonmaak / ontsmet (sien punt 7 op bl. 6 van die regulasies, en
  (b) wat die toetrede van erediensgangers (dokumentasie, temperatuur, kontrole) kan hanteer. Die koster kan nie alleen verantwoordelik gehou word vir die bestuur van die proses nie. Indien die koster bo 60 is, behoort daardie persoon se kontak met gemeentelede rondom eredienste beperk te word.

Die spanne moet behoorlik opgelei word. Skryf die take wat die spanne verrig neer, en gee aan elke persoon 'n afskrif. Genoeg spanlede moet opgelei word sodat afwisseling oor opeenvolgende Sondae moontlik is.
Slegs nadat goed opgeleide spanne begin funksioneer en hul werksaamhede en protokol ingeoefen is, kan die gemeente voortgaan om 'n erediens te implementeer.

- **Inligting wat vooraf aan lidmate verskaf word:**
  Verduidelik dat ons mekaar groet deur vir mekaar te wuif.
  Verskaf 'n vormpie waarop hulle vooraf al die kontakbesonderhede van hul huismense kan invul en saambring erediens toe. Hier is 'n voorbeeld – MS Word – PDF.
  Verduidelik wat die inhoud van die verklaring is wat hulle by die kerk oor Covid-19 simptome moet aflê en vra persone wat enige van die simptome toon om nie na die kerkgebou te kom nie. Persone wat bo 60 is en persone wat ander risikofaktore het, word aangemoedig om nie eredienste by te woon nie.
  Verduidelik watter ingang gebruik gaan word.
  Voorkom opeenhoping in die voorportaal deur persone een vir een toe te laat. Merk afstande buite die gebou af indien 'n ry vorm. Vra persone om nie op die nippertjie by die kerk op te daag nie, juis om opeenhoping te voorkom.
  Elke persoon moet die gebou met 'n masker betree wat die neus en mond bedek en wat deur die loop van die hele diens gedra moet word.
  Fisieke afstand van minstens 1.5 meter moet deurrentyd gehandhaaf word en geen aanraking is toelaatbaar nie. Persone wat fisieke aanraking (drukkies) verlang of wil gee moet liefs tuis bly.
  Verduidelik die volgorde van die proses: (byvoorbeeld) by die ingang word temperatuur geneem, dan aanbeweeg na die tafel waar die verklaring voltooi word, dan oorhandig word aan die persoon wat dit nagaan en goedkeur dat die lidmaat die kerkruimte mag betree.
  Vra lidmate om eie penne saam te bring
  Verduidelik watter blokke van die kerkbanke oop is en hoe sitplekke gemerk is. Doen dit so dat persone nie oor mekaar hoef te klim om te gaan sit nie.
  Lidmate word versoek om inskiklik en geduldig te kom.
  Dit is krities belangrik dat lidmate vooraf georiënteerd na die kerkgebou kom.

- **Die gebeure in die ingangsportaal**
  Bring kennisgewings buite die ingang na die kerkgebou, asook binne in die voorportaal aan wat die basiese veiligheidsreëlings uiteensit. Die kennisgewings moet leesbaar wees.
  Indien die voorportaal klein is, kan 'n ander ruimte moontlik vir die prosessering van toetrede benut word.
  Handreiniger word op elkeen wat die gebou betree se hande geplaas en nagegaan dat elkeen 'n masker dra.
  Beplan wie die temperatuur van elke deelnemer by die ingang neem en dit op die verklaringsvorm neerskryf wat dan aan die lidmaat oorhandig word. Hierdie persoon reinig gereeld eie hande voordat die temperatuur geneem en op die vorm neergeskryf word.
  Beplan waar genoeg tafelruimte is sodat verskeie lidmate gelyktydig die verklaring kan voltooi
  Sorg dat hier 'n paar penne beskikbaar is met iemand wat dit ontsmet voordat die volgende persoon dit gebruik,
  Lidmate wat nie 'n vorm saamgebring het wat hul huismense se kontakbesonderhede bevat nie, moet dit ook in die ingangsportaal voltooi.
  Voltooide vorms word aan 'n aangewese persoon oorhandig wat die antwoorde kontroleer en dan toestemming gee dat die lidmaat die gebou kan betree.
  Die rekord van bywoning of register wat so geskep word, moet vir ses maande bewaar word.
  Fisieke afstand van 1.5 meter moet deurrentyd gehandhaaf word en geen aanraking is toelaatbaar nie.

Daar moet 'n meganisme geskep word om die mense wat die gebou betree akkuraat te tel. Die groottotaal is 50.

- **Wat gedoen word wanneer iemand met Covid-19 simptome presenteer of die span in beheer inlig dat hulle van die simptome het**
  Lees punt 3 op bladsy 5 van die regulasies noukeurig.
  Die persoon word nie toegelaat om die erediens te betree nie.
  Die persoon word geïsoleer (weggeneem) en reëlings getref om die persoon te vervoer na 'n plek waar hy/sy medies ondersoek en getoets kan word
  Ontsmet die area
  Verkry van die persoon die kontakbesonderhede van die persone met wie hulle in kontak was sedert hulle by die kerkperseel aangekom het
  Enige persoon wat positief toets, moet die leraar / gemeente in kennis stel van enige godsdienstige aktiwiteit waarby hulle in die vorige 14 dae teenwoordig was.

- **Tydens die erediens**
  'n Erediens mag nie langer as 2 ure duur nie, en 'n opvolgende erediens nie binne 30 minute na die vorige diens verdaag het nie.
  Gesigmaskers is verpligtend gedurende die hele seremonie.
  Die prediker kan sy/haar masker verwyder maar moet dan ten minste 2.5 meter of (verkieslik heelwat) verder van die naaste ander persoon wees.
  Geen gemeentesang is toelaatbaar nie.
  Solosang, dit is een persoon, is toelaatbaar. Indien dit sonder 'n masker gedoen word, geld 'n minimum afstand van 2.5 meter. Hoe verder hoe beter, 2.5 meter is nog bitter naby.
  Gebruik ook vooraf opgeneemde sang- en musiekinsetsels waarna lidmate tydens die erediens kan luister in die plek van sang.
  Enige godsdienstige handeling wat persoonlike kontak vereis mag nie uitgevoer word tydens enige godsdienstige aktiwiteit nie.
  Aangesien geen fisieke kontak moontlik is nie, word die doop en nagmaal vermy ("No substance or liquid may be shared between persons").
  'n Moment in die erediens word gebruik om persone in te lig oor die koronavirus en beste praktyke om oordrag te voorkom.

- **Na die erediens**
  Persone wat geld tel moet hul hande voor, tydens en na die hantering van die geld ontsmet en verseker dat hulle nie aan hul gesigte vat nie.
  Persone verlaat die kerkgebou terwyl sosiale afstand gehou word.
  Geen sosiale aktiwiteite word na die erediens toegelaat nie, soos die drink van tee of koffie.

6.3 Begrafnisse

Begrafnisse of roudienste is ook in die kerk moontlik is, onderhewig aan dieselfde bepalings soos in die regulasies hierbo uiteengesit. Die limiet van 50 persone geld steeds (punt 8 van paragraaf 8 van die regulasies).

6.4 Huwelikseremonies

Huwelikseremonies is nog nie toelaatbaar onder Vlak 3 van inperking nie. Tydens 'n mediakonferensie het die minister van Binnelandse Sake, mnr. Aaron Motsoaledi, gesê persone wat 'n huwelik wil sluit moet na

die Departement van Binnelandse Sake (op afspraak) gaan, of 'n huweliksbevestiger (d.w.s. 'n leraar) kontak. Hy beklemtoon dat slegs die leraar, die egpaar en hul twee getuies (vyf persone) teenwoordig mag wees:

> Because the majority of marriage officers are ministers of religion, we have also said the same thing – if a minister of religion is going to marry couples in their office, the couple must come with only two witnesses. We don't allow crowds there.

Vergelyk hierdie bron, asook hierdie verwysing.

7. TERUGVOER

Ek sal dit geweldig waardeer as julle jul protokolle en gebruike, selfs julle aankondigings oor hierdie aangeleentheid vir my sal stuur. Ek leer graag daaruit en ons kan wenke met mekaar deel.

Om saam te vat: Gemeentes moet hierdie reëlings as 'n protokol dokumenteer en 'n span oplei wat die protokol tydens eredienste implementeer.

Dit is uitdagende tye. Kom ons behou geloof en kom ons fokus op die nood rondom ons.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode